**MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING**

**NOTULE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU OP 19 DESEMBER 2011 IN DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL**

**NOMMER 1/2011**

**1. OPENING EN VERWELKOMING**

Die vergadering word met 'n gebed geopen deur Dr Mossie Mostert, waarna die Voorsitter almal verwelkom en die Komiteelede aan die gehoor voorstel.

Die Voorsitter spreek sy dank uit vir die dienste gelewer deur die Komitee, Raadsheer Kallie Smit, Raadslid Gibo Gerber sowel as munisipale amptenare wat vergaderings gereeld bywoon. 'n Spesiale woord van dank aan Raadsheer Smit vir bywoning van die Algemene Jaarvergadering.

**2. VERSKONINGS**

Die volgende persone bied verskoning aan:

Buks Pieterse – Voorsitter
Gibo Gerber – Raadslid
Willie Young
Elsa Davids

**3. NOTULE VAN VORIGE VERGADERING**

Word aanvaar sonder wysigings. Voorgestel en gesekondeer deur mnre Johan Dreyer en Dr Mossie Mostert.

**4. AANVULLENDE AGENDA**

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Regulasies rondom 100 meter hoogwatermerk | |
| 4.2 | Erf 271 Reebok – Moontlike ontwikkeling beswaar | |
| 4.3 | Bewarea – Verkiesing van verteenwoordigers | |
| 4.4 | Buurtwag – Algemeen | |
| 4.5 | Hersonering van landbougrond | D Potgieter |
| 4.6 | Sypaadjie en eilande in Impalaweg | Awie Swanepoel |
| 4.7 | Erf 377 – Klein-Brakrivier | J Boshoff |
| 4.8 | Hengel op swemstrand | |

***4.1.1 Regulasies rondom 100 meter hoogwatermerk***

Enige ontwikkeling in Kusweg vereis 'n impakstudie en eienaars van eiendom langs kusweg moet hulleself vergewis van die reëls voordat enige bouwerk aangepak word.

***4.2.1 Erf 271 Reebok – Moontlike ontwikkeling beswaar***

Daar bestaan 'n moontlikheid dat aansoek gedoen sal word om die erf te ontwikkel. Die Vereniging sal dit ten sterkste teenstaan. Mnr Deon Barnard is van mening dat alreeds bestaande ontwikkelings ten volle benut moet word voordat goedkeuring verleen word vir verdere ontwikkeling. Mnr Kruger versoek dat ons eienaars wat nie voltyds hier woon nie per e-pos in kennis moet stel wanneer so 'n moontlike aansoek ontvang word aangesien baie mense dit sal teenstaan. Mnr Ras voel dat meer aandag gegee word om dienste in Kusweg te voorsien instede van geld spandeer op nuwe ontwikkelings.

### *4.3.1 Bewarea – Verkiesing van verteenwoordigers*

Tans word al die Bewarea aktiwiteite deur Buks Pieterse hanteer. Daar word baie dringend gesoek na persone wat hom kan bystaan.

### *4.4.1 Buurtwag – Algemeen*

Die Komitee het alreeds baie gedoen om buurtwagte te stig en die vergadering neem met dank kennis van goeie werk wat alreeds gedoen is.

### *4.5.1 Hersonering van landbougrond*

Mnr Deon Potgieter lig die vergadering in oor die aansoek om hersonering van die grond tussen die N1 en R102. Beswaar is aangeteken teen die hersonering en die beoogde ontwikkeling. Die saak is na die Minister verwys en afhangend van die uitslag sal verder beswaar gemaak word.

### *4.6.1 Sypaadjie en eilande in Impalaweg*

Mnr Awie Swanpoel stel voor dat eilande, instede van stopstrate, in Impalaweg die probleem van motoriste wat nie stop nie, beter sal aanspreek. Die Vereniging het in die verlede aansoek gedoen dat eilande aangebring word, maar is deur die Munisipaliteit afgekeur en daarom is ons nou besig met ander voorstelle om die probleem op te los. Die aanbring van sypaadjies in Impalaweg is alreeds op die GOP lys geplaas. Mnr Deon Potgieter vra ook dat die Munisipaliteit versoek word om aandag te gee aan indraai na Spar uit Impalaweg. Die sloot aan die kant van die pad beperk spasie en is hy van mening dat daar nie 'n behoorlike impakstudie gedoen is voordat die ingang goedgekeur is. Ons sal mnr Puren versoek om aandag te gee aan die saak.

***4.6.1.1*** Probleme rondom R102, meer spesifiek dat sig by uitgange swak is en dat dit meer gereeld skoongemaak moet word. Melding word ook gemaak van vragmotors wat by die kruising naby Leani Kwekery parkeer en ook die sig versper. Sal dit onder die aandag van die Verkeersdepartement bring.

***4.6.1.2*** Mev Alet Carstens doen navraag oor die beoogde vulstasie en presies, waar dit geleë gaan wees. Mnr Harris van der Mescht doen navraag oor vordering gemaak met die vervanging van oorhoofse drade met ondergrondse kabels.

### *4.7.1 Erf 377 – Klein-Brakrivier*

Klagte dat erf 377 vir 'n baie lang tyd nooit ontbos of skoongemaak is nie. Die besonderhede moet deurgegee word aan komiteelede van Kleinbrak dat gereël kan word dat dit skoongemaak word.

***4.7.1.1*** Mev Linda Muller versoek dat aandag gegee word aan rooipitjie struike in Kusweg 47, en van paadjies teen duin af wat erosie veroorsaak. Daar is aandag daaraan gegee deur die paadjies met afgesnyde takke te bedek. Daar bestaan twyfel of dit 'n werklike permanente oplossing is. Die maatreëls is getref nadat sy die saak by mnr Manuel aanhangig gemaak het. Dit het groot ongelukkigheid veroorsaak onder mense wat dit gereeld gebruik het en die plantegroei tot so 'n mate vernietig het dat van die sand begin wegspoel het. Mev Muller word nou geviktimiseer aangesien sy verantwoordelik gehou word dat takke daar geplaas is.

Sy meld ook van die oestergaarders wat regoor haar eiendom verkleë en die bosse as ablusiegerief gebruik. Die Vereniging sal aandag gee aan ontbossing maar ongelukkig kan ons niks doen aan die ander saak nie.

**4.7.1.2** Mnr Ras is van mening dat baie gespaar kan word indien rioolpype noual gelê kan word terwyl hulle besig is om Kusweg op te gradeer. Mnr Schabort doen navraag oor die tennisbaan in Reebok wat afgebreek is. Die Voorsitter antwoord dat die baan onderbenut was en dat mnr Schabort met Piet du Plessis gesels oor gebruik van Klein-Brakrivier se bane.

***4.8.1 Hengel op swemstrand***

Daar is 'n mate van ongelukkigheid omdat hengelaars die swemstrand gebruik vir hengel doeleindes. Die Munisipaliteit het egter geen seggenskap oor waar gehengel word nie aangesien dit onder Marienekusbestuur val. Ons sal as Komitee dit bespreek en die Munisipaliteit nader om ons behulpsaam te wees om 'n goeie middeweg te vind.

## 5. VERSLAE

Die volgende verslae word aan die vergadering voorgehou:

5.1 Bewareaverslag – Buks Pieterse – Bylae A
5.2 Buurtwagverslag – Anton Dellemijn – Bylae B
5.3 Voorsitters- en finansiële verslae – Bylae C

Die verslae word aanvaar sonder enige wysigings.

Voorgestel en gesekondeer deur mnre H Graaff en Hennie Human.

## 6. WYSIGING VAN KONSTITUSIE

Wysigings sonder enige teenstem goedgekeur.

Mnr Gert Combrinck stel voor dat Komiteelede hul kwitansieboeke hou en dat lede donasies maak, aangesien lidmaatskapgelde nou verval het.

## 7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE

### 7.1 Waterbeperkings

Opgehef weens voldoende hoeveelhede water. Die Wolwedansdam was 99,39% vol op 7 Desember 2011.

### 7.2 Spoedwalle

Die Voorsitter wys daarop dat die Munisipaliteit verantwoordelik gehou kan word indien 'n motor beskadig word. Die Munisipaliteit is tans besig om opnuut na die aangeleentheid te kyk.

### 7.3 Honde op strande

Word nie toegelaat op strande selfs al is hulle aan 'n halsband. Dit wil blyk dat meer permanente inwoners hulle hieraan skuldig maak as besoekers.

### 7.4 Kusweg

Lede word uitgenooi om na kaart te kyk op die muur agter in die saal en met Charl de Wet te gesels indien daar vrae is. Die Voorsitter meld ook dat die Munisipaliteit aandag gee aan die trappe na die see.

**8.** **ALGEMENE BESPREKING**

Sake van algemene belang ingedeel onder die onderskeie items wat reeds bespreek is.

**9.** **VERKIESING VAN KOMITEELEDE VIR 2012**

Die volgende persone word gekies om op die Komitee te dien:

| | |
|---|---|
| Deon Hoon | Reebok |
| Des Muller | Riverside |
| Anton Dellemijn | Tergniet |

**10.** **AFSLUITING**

Die vergadering verdaag om 11:30.

MARTIN SMITH
**NOTULEERDER**

GOEDGEKEUR TYDENS VERGADERING 1/2012 GEHOU OP 17 DESEMBER 2012

**VOORSITTER**

**BYLAE A**

**MIDBRAK BEWAREA**

**VOORSITTERSVERSLAG: 2011**

Ek wil die komiteelede van die MIDBRAK Belastingbetalersvereniging bedank vir die oë, ore en insette wat hul bied aan die Bewarea in hul onderskeie verantwoordelikheidsgebiede.

**POSITIEWE TERUGVOER VIR 2011:**

Die Kleinbrak estuaruim herstel- en bewaringsplan is finaal op die tafel en groot verwagting word gekoester vir 2012.

Die webwerf vir Midbrak Bewarea is in finale stadium, en behoort vroeg in 2012 aktief te wees.

Die Tuinroete Inisiatief waarvan ons deel is gaan omvorm in 'n totale Biosfeer wat die gebied dek van Gouritz tot Plettenbergbaai. Hierdie stap gaan aan ons as Bewarea meer tande gee in die versekering dat bewaringsaksies en sensitiewe areas in ons gebied ongeskonde bly vir die nageslag.

'n Student Marco Heimstra het 'n projek voltooi in die Kleinbrak Estuaruim gemik op die oorlewing van die "Pied Kingfisher" gemeet teenoor die implikasies van besoedeling en die beskikbaarheid van voedsel in 'n degenererende rivierstelsel.

In 'n gesamentlike projek met Mosselbaai Omgewing Vennootskap is die Klein Brakrivier tussen die N2 en die see skoongemaak van indringer plantegroei.

Met die ondersteuning van MEP en finansiele ondersteuning van PetroSA en ESKOM kry Midbrak vanaf 2012 sy eerste voltydse veldwag/gids. Hierdie insitief gaan baie waardevol wees in die huidige en beplande projekte.

Ons nuwe Bewaria Borde en kennisgewings sal ook vroeg 2012 in plek wees.

**VERSOEKE ALGEMEEN**

Aangesien ons in 'n bewaringsgebied bly, word honde eienaars dringend versoek om nie hulle diere los te laat rondloop nie. Indien u 'n katteliefhebber is, verseker dat u diere klokkies om die nek het. Die fisante, tarentale en skilpaaie is volop in die area en losloper honde verjaag die diere en veroorsaak ook 'n oorlas vir bure en ander mense in u omgewing. Neem ook kennis dat honde glad nie op strande toegelaat word nie. (Die beplanning is dat die wetstoepassers swaar strawwe gaan oplê vir oortreders.)

Ek wil elkeen versoek om oortreders direk te konfronteer deur u voorkeur redes voorop te stel. Moenie dat besoekershonde ons strande besoedel en ontsier nie. Daar is genoeg hondehotelle in die omgewing waar die diere kan tuisgaan.

Ons as Bewarea is ernstig oor die Tobies op die strand se voortbestaan. Ons sou aanneem dat dit ook vir u as eienaar belangrik is.

4x4 motorfietse word glad nie in die woongebiede op die paaie toegelaat nie. Inwoners word versoek om slegs van roetes vir 4x4 fietse gebruik te maak en neem kennis dat GEEN SULKE ROETES bestaan in die Midbrak gebied nie. Die oop gebiede langs die rivier en die Groengordelgebiede mag nie hiervoor gebruik word nie.

Dit is feestyd en baie mense het 'n onwrikbare passie om in hierdie tyd KLAPPERS KASKENADES te hou. Vir die mens is dit iets uit 'n ander wereld maar vir ons diere, huishoudelik en wild is dit 'n hel op aarde. Geen gebiede in Midbrak is goedgekeur vir die aktiwiteit nie, dit sluit

privaatwonings en enige openbare gebied soos die strand in. Verder is die gebied baie droog en die gevare van veldbrande kan nie uit die oog verloor word nie. Wees bedagsaam en respekteer ons diere en ons gebied.

Inwoners moet kennis neem van die nuutste wetgewing t.o.v. waterponies. Die Water Polisie, op versoek van die Munisipaliteit, sal die hawegebied en see polisieër. Waterponies kan slegs by die hawe ter water gelaat word en lisensies is 'n vereiste.

Klagtes in verband met bogenoemde moet asseblief met die Verkeersafdeling opgeneem word, wie dan sal optree teen enige oortreders. 'n Kontaknommer is **044 606 5201 of 044 606 5000 na-ure.**

Inwoners word versoek om die aanklagkantoor van die Polisie in Groot-Brakrivier enige tyd van die dag/nag oor probleme te bel. Kontaknommers: **044 620 2206 / 3361.**

**VOORSITTER**: Buks Pieterse

**MIDBRAK BUURTWAG**

**VOORSITTER VERSLAG VANAF 15 SEPTEMBER 2011 TOT 13 DESEMBER 2011**

Op Donderdag 15 September 2011 is daar in die Reebok Gemeenskapsaal ‘n buurtwag gestig en die volgende mense is as bestuur verkies:-

**Voorsitter**: Len Rauch, 083 284 2221, Lenrauch@mweb.co.za O**ndervoorsitter:** Anton Dellemijn, 072 150 1823, antondellemijn@gmail.com

**Sekretaris**: Dawid Erasmus, 082 576 9256, dawidmos@telkomsa.net

**Lede**:

Nita Nel, 082 482 2232
Jannie Van Der Merwe, 082 556 1220, jannie@spg.co.za
Buks Pieterse (Operasionele Koördineerder),082 468 7015, bukscorne@mweb.co.ca
Johan Boshoff, 072 563 6496, bossienes@absamail.co.za

Terselfdertyd het vrywilligers ook na vore getree om behulpsaam te wees met die nuwe buurtwag.

**Vordering**

**Op 29 September 2011** is die eerste vergadering van die betrokke persone gehou te Reebok Gemeenskapsaal. Daar is besluit dat ons ‘n grondwet en gedragskode moet saamstel om aan te pas by die Wes-Kaapse Provinsiale Grondwet en Gedragskode.

Verdere navorsing is gedoen om te bepaal hoe gevestigde buurtwagte funksioneer.

**Op 18 Oktober** is die konsep grondwet voorgelê en ook besluit dat ‘n werkspan bestaande uit bestuurslede elke Dinsdag sal vergader om die grondwet en gedragskode deur te werk en finaliseer

Buks Pieterse het ‘n verslag gegee oor die werkswyse van die 6 spanne van 2 lede elk wat saamgestel is en saamwerk met AO Terblanche van die Grootbrakrivier Polisie Diens. Hulle is ook almal goedgekeur vir die take wat hulle verrig. Dit moet duidelik gestel word dat die werk wat hierdie manne doen in samewerking met die SAPS is en nie die SAPS vervang nie.

**Op 15 November 2011** is die Midbrak Buurtwag se Grondwet en Gedragskode afgeteken is en oorhandig is aan AO Terblanche.

**Strategiese Areas**

**Ken jou Buurt**

Ons is tans besig om deur middel van e-posse, SMS'e sowel as van deur tot deur besoeke ‘n data basis op te bou wat as vertroulik hanteer sal word.(Inklusief vir Buurtwag Bestuur) Dit sal ook bepaal of ons fondse sal genereer om toerusting soos radios, Buurtwag borde ensovoort te bekom.

**Verbeter kommunikasie**

Met bogenoemde besoeke word ‘n bekendstellings brief asook ‘n “Beveiliging brief” aan die mense oorhandig. Die Grootbrakrivier se Polisiediens het ook ‘n nood telefoon nommer, wat slegs inkomende oproepe kan ontvang bekendgestel

**044 620 3361**

Die reaksie van die SAPS is uitstekend, en bogenoemde nommer moet byderhand gehou word. Enige verdagte voorval op optrede moet aan hulle vermeld word, en dit word verwelkom deur die polisie.

‘n E-pos adres is ook geskep vir die buurtwag naamlik midbrak@gmail.com . U is ook welkom om voorgenoemde e-pos adresse te gebruik.

Ons het 9 twee rigting radios ontvang wat gebruik sal word deur Buks Pieterse se span. ‘n Herlei toring  moet verkry word en daarvoor benodig ons fondse.

**Organiseer**

Dit is ons doelwit om deur middel van die opname mense te identifiseer wat bereid sal wees om op te tree in straat komitees, en sodoende betrokke te raak in opleiding.

**Opleiding**

Opleiding moet geskiet in die gemeenskap self waar mense se gedagtegang sal moet verander deur oplettend te raak teenoor iets wat nie tuishoort nie en dit te rapporteer aan die polisie.

Huishulp opleiding deur hulle bewus te maak van toegang beheer na wonings, skakeling met die polisie ens. Daar moet ook deeglike navorsing gedoen word sovêr dit hierdie mense betref. Bekom ‘n afskrif van ID dokumente en indien u twyfel kontak die polisie vir klaring.

Waar opleiding nodig sal wees vir  interne straatblok patrollie diens sal dit verskaf word deur AO Terblanche.

**Integreer**

Voorlopige kontak is reeds gemaak met 2 van die sekuriteit diensverskaffers maar verdere werk is nodig.

Integrasie met ander buurtwagte in ons area sal later aandag geniet.

**Opsomming**

Om ‘n buurtwag aan die gang te kry is soos om ‘n olifant te eet – Happie vir Happie. Die pad is nog lank maar die tyd is min. Ieder en elk moet betrokke raak.

My innige dank aan die bestuurspan, Awie Swanepoel (Gemeenskap polisie forum), Buks Pieterse en sy span asook AO Terry Terblanche vir die harde werk, opoffering van tyd en bereidwilligheid om in ‘n klein mate so bietjie terug te gee aan die gemeenskap waar ons woon.

Mag u almal ‘n geseënde Kersfees en Voorspoedige Nuwe Jaar ervaar met ons Vader se genade.

**Voorsitter**: **Len Rauch**, 083 284 2221,

**BYLAE C**

**MIDBRAK BELASTINGBETALERS VERENIGING**

**VOORSITTERSVERSLAG 2011**

**VOORSTELLING VAN KOMITEELEDE**

| | |
|---|---|
| FRAAIUITSIG | Charl Coetzer, 044 696 5927<br>Martin Smith, 044 696 6617 – Notules |
| KLEIN-BRAKRIVIER | Charl de Wet, 044 696 6446<br>Pieter le Roux, 044 696 6112 |
| REEBOK | Piet du Plessis, 044 696 6692 |
| REEBOKHOOGTE | Frik Nel, 044 696 5947<br>Kruger de Wet, 044 620 4268 |
| REEBOKRIF | Buks Pieterse, 082 468 7015 – Voorsitter<br>Jaco Hefer, 083 232 6129<br>Leon Kruger, 083 610 0552 |
| RIVERSIDE | Terrie Terblanche, 084 405 4055 |
| TERGNIET | Dawid Erasmus, 044 620 3189 |
| TERGNIETHOOGTE | George Nezar, 044 696 6421 – Onder-voorsitter<br>Mike Wray, 044 620 3820 |

Dorothy Barnard, 044 620 4399 – Sekretaris en Tesourier

2011 was 'n jaar met sy eie unieke uitdagings, die woord doen soms die rondte dat met elke Algemene Jaarvergadering dieselfde probleme geopper word en dat die situasie nie verander het t.o.v. vorige jare nie. Die teendeel is egter waar, en ek wil u die versekering gee dat baie agter die skerms gebeur waar lede van hierdie Komitee hul nek uitsteek, en deur uitstekende insette en skakeling op alle vlakke, die behoeftes en belange van ons gemeenskap voorop stel.

Met die herskommeling van wyke tydens die Munisipale verkiesing, is die Midbrak gebied verdeel in twee wyke, naamlik wyk 4, bergkant van Impala Weg en wyk 5, seekant van Impala Weg, en ingesluit die hele Kleinbrak en Riverside. Hierdie verandering raak nie die belastingbetalers vereniging se geografiese gebied nie.

Wat egter belangrik is, is dat die BBV verseker het dat drie of meer kommiteelede op elk van die nuwe wykskomitees ons mense en gebied se belange bevorder om te verseker dat ons as MBBV op hoogte bly van wat in die wyke gebeur.

Die MBBV het ook in die verlede hierdie rol van die wykskomitees vervul en ook polisieman gespeel om te verseker dat die Munisipaliteit die dienste lewer aan die gebied soos wetlik voorgeskryf. Dus het ons verseker dat insette van die gemeenskap vir begrotingsaksies in die GOP opgeneem word, die monitering daarvan tydens implimentering en die versekering dat die belastingbetaler se geld produktief vir die gebied aangewend word.

Hierdie ineenverstrengelde vermenging van die rol van die MBBV, het groot uitdagings veroorsaak deurdat die A-politiese profiel van die MBBV maklik gekompromiteer kon word.

Met die Wykskomitees nou in plek sal die MBBV vanaf 2012, totaal omvorm om binne ‘n totaal A-politiese profiel te verseker dat die Munisipaliteit en Raadslede binne, en volgens hul Wetlike en Politieke verpligting die gemeenskap en die gebieds belange dien.

Ek wil nie weer hier aanhaal wat in die Nuusbrief vir 2011 verskyn het nie, maar wil u verseker dat met die beplannings- en implimenteringsprosesse van die Wykskomitees, dit baie duidelik is dat ons as gemeenskapsdiens organisasie ver voor is teenoor die ander Wyke en Belastingbetalers verenigings in die groter Mosselbaai gebied ten opsigte van ons GOP proses, insette, skakel prosesse departementeel en polities.

Dit maak van Midbrak gemeenskap en gebied ‘n voorloper op hierdie gebied. Die plaaslike owerheid en poletisie neem kennis hiervan.

Sedert Februarie 2011 het die Komitee elke maand vergader en is daar ook by afsonderlike geleenthede met die Munisipale bestuur asook met individuele amptenare samesprekings gevoer met groot sukses soos weerspieël word in projekte reeds in plek en ander op die begroting vir die 5 jaar plan van die Munisipaliteit.

**AKTIWITEITE HOOG OP DIE PRIORITEITSLYS IN 2011 WAS, EN VORENTOE, SAL WEES:**

Die opgradering van die Midbrakgebied.
Die skoonmaak van Midbrakgebied.
Die herbou van Kusweg.
Vloedskade in ons gebied.
Herstel en onderhoud op die trappe na die see.
Powertown se toekoms.
Riverside ramp- en vloedvoorkomingsprojek.
Opgradering en instandhouding van die R102.

**DAAGLIKSE AKTIWITEITE**

Versekering dat die Munisipaliteit ononderbroke basiese dienste lewer.
Dat probleem areas soos dit ontwikkel dadelik aandag kry.
Die aanteken van besware (sonerings, nuwe ontwikkelings, ens.)
Skoonmaak van erwe (bebou en onbebou)
Voorkoming van die oprig van onaanvaarbare strukture
Raadsheer **Kallie Smit** as Wyk 4 se raadslid en raadslid **Gibo Gerber** (Wyk 5) asook verskeie munisipale verteenwoordigers woon die komitee se maandelikse vergaderings by. Goeie samewerking vind plaas tussen komiteelede en munisipale amptenare.

Ons het **“fyngoud”** in **Mnr. Vanrenen van der Westhuizen** wat deur die Munisipale Bestuurder gesekondeer is om ook ons vergaderings by te woon, en dus ook as skakelpersoon vir die lede te dien.

**VERTEENWOORDIGING EN KONSTITUSIE**

Huidiglik verteenwoordig die BBV slegs 10% van die belastingbetalers in ons gebied. Die plaaslike owerheid is moontlik vertroud met die toedrag van sake daarom dat ons behoeftes, (Begroting en Quikfixes) somtyds nie die erkenning geniet wat verwag word nie. Die lae persentasie van verteenwoordiging kan onmiddelik reggestel word deur die Konstitusie van die BBV aan te pas.

Die huidige Konstitusie se lidmaatskapvereistes verhinder die BBV om as ‘n Gesaghebbende Front namens al die eiendomeienaars in Midbrak ons stem dik te maak. (Sonder getalle het ons nie seggenskap nie). Hierdie punt word later breedvoerig bespreek met die voorstelle t.o.v. Konstitunele veranderings

**FINANSIëLE VERSLAG**

Die Vereniging het tot 7 November 2011 ‘n volopbetaalde ledetal van slegs **147** gehad teenoor die vorige jaar se **160**. Die afname kan gedeeltelik toegeskryf word aan laat verspreiding van die nuusbrief asook vroeer afsluiting van state (11 maande).

| | **2011** | **2010** | **2009** |
|---|---|---|---|
| | **R** | **R** | **R** |
| Income | 5 192,73 | 5 691,62 | 6 282,29 |
| Less: Expenses * | 4 602,23 | 4 645,02 | 5 600,11 |
| Profit / Loss | 590,50 | 1 046,60 | 682,18 |
| Balance brought forward | 18 677,90 | 17 631,30 | 16 949,12 |
| | 19 268,40 | 18 677,90 | 17 631,30 |
| Less: Cash on hand | 319,84 | 1 009,47 | 346,35 |
| Balance | 18 948,56 | 17 668,43 | 17 284,95 |

* Uitgawes vir die jaar is as volg saamgestel:

| | | |
|---|---|---|
| Bankkoste | 52,60 | |
| Posgeld, koeverte en posbus hernuwing | | 1 295,60 |
| Fotostate | | 1 068,03 |
| Huur van Reebok Gemeenskapsaal | 276,00 | |
| Honorarium – 2010 | | 2 000,00 |

**DIVERSE**

Ten slotte wil ek graag **elke lid** van hierdie Komitee bedank vir hulle opoffering en harde werk van die afgelope jaar. Ek kan u verseker dat hierdie ‘n bekwame span is wie met ywer en ‘n passie werk. ‘n Spesiale woord van dank aan **At Fourie, Hennie Human** en **Jeanette Shead** wat gedurende die jaar uit die Komitee bedank het.

Ons bedank ook raadslid **Gibo Gerber** en raadsheer **Kallie Smit** in hulle afwesigheid vir hulle insette. Hul bydrae word opreg waardeer.

Verder ook aan **Vanrenen van der Westhuizen** en **Frans de Graaff** baie dankie vir julle waardevolle hulp en leiding om ook ons hande te sterk waar dit by munisipale sake gekom het.

Mag u en u geliefdes ‘n vreugdevolle en geseënde Kerstyd saam beleef en ook u vakansie hier geniet. Wees verseker dat hierdie vereniging u belange op die hart dra. Mag die nuwe jaar 2012 vir u almal baie voorspoedig wees.

**BUKS PIETERSE**
**VOORSITTER – 2011**